



1. **Omkring die korrekte antwoord.**

A

1.1 Wat is die volgende getal? 0,603 ; 0,602 ; 0,601 ; 0,6 ; _____ (1)

- A 0,5
- B 0,599
- C 0,7
- D 0,60

1.2 Rond 3,175 af tot een desimale plek. (1)

- A 3,17
- B 3,1
- C 3,18
- D 3,2

1.3 $a \times (b + c) =$ (1)

- A $a \times b \times c$
- B $a \times b + a \times c$
- C $a \times b + c$
- D $a + b \times a + c$

1.4 $56 \div 8 \times 1 \times 0$ (1)

- A 7
- B 1
- C 0
- D 8

1.5 Watter een stel die priemfaktore voor van die volgende breuke se kleinste gemeenskaplike noemer: (1)


$\frac{7}{12}$ en $\frac{5}{6}$?

- A $2 \times 2 \times 3$
- B 2×3
- C $2 \times 6 + 2 \times 3$
- D $2 \times 3 \times 3$

1.6 Bepaal die verskil tussen 8 en -8? (1)

- A 0
- B 8
- C 16
- D -16

2 Kies een getal van die gegewe groep getalle wat pas by elk van die onderstaande beskrywings.



2.1 'n Priemgetal. _____ (1)

2.2 Onegte breuk. _____ (1)

2.3 Kleinste gemeenskaplike noemer vir $\frac{3}{4}$ en $\frac{4}{3}$ _____ (1)

2.4 1, 2, 3, 4, 6, 9, 12, 18 is faktore van _____ (1)

3 **Waar of vals:**

3.1 $3^2 = 3 \times 2$ _____ (1)

3.2 Die vierkant van 100 is 10 _____ (1)

3.3 $3\frac{7}{14} = \frac{7}{2}$ _____ (1)

4. Een van jou klasmaats sukkel met eksponente en gee die verkeerde antwoord vir die volgende:
 $2^3 \times 3^2 = 6^6$

4.1 Wat het hy verkeerd gedoen? _____ (1)

4.2 Wat is die korrekte antwoord? _____ (1)


5. **Voltooi die volgende tabel:**

PERSENTASIE	DESIMALE BREUK	GEWONE BREUK
12%	5.1 _____	$\frac{3}{25}$
5.2 _____	0,6	$\frac{3}{5}$
65%	0,65	5.3 _____



6. Bepaal die waarde van ★

6.1 $\star \div 4 = 36 \div 3$ _____ (1)



6.3
$$\begin{array}{r} 3 \star 7 9 \\ \times \quad \quad 7 \\ \hline 2 7 1 5 3 \end{array}$$
 _____ (1)

6.4 $7 \frac{5}{6} = \frac{\star}{6} + \frac{7}{6} = \frac{\star}{6}$ _____ (2)

7. Bereken die volgende:

7.1 $5^2 + 2^4 =$ _____ (1)

7.2 $-5 + (-4) \times (-8) \div (-2) =$ _____ (1)

7.3 $3^2 \times 3^3 =$ _____ (1)

7.4 $2\frac{2}{5} + 1\frac{2}{3} \times 1\frac{2}{5} =$ _____ (5)

Wys jou metode hier.



8. Wat is die volgende term in die getalptroon?

8.1 $1; 1; 2; 3; 5; 8; 13; \underline{\hspace{2cm}}$ _____ (1)

8.2 $356; 331; 306; 281; \underline{\hspace{2cm}}$ _____ (1)

9. Me Jones het die volgende getalry op die bord geskryf en haar leerders versoek om die reël vir die getalpatroon te raai: $1; 3; 7; 15; 31; \dots$ (1)

Watter reël het sy gebruik indien die patroon op dieselfde wyse voortgaan?

10. Mnr Peters het sy leerders versoek om 'n ry neer te skryf wat aan die volgende reëls voldoen: (1)
- Gebruik die getal 5 as die eerste term
 - Om die volgende terme te bereken, verdubbel die vorige term en trek dan 2 af



As die tweede term in hierdie ry 8 is, dan sal die 5^{de} term _____ wees .

11. Bepaal die ontbrekende term in die getalpatroon? 1 ; 8 ; 27 ; _____ ; 125 (1)

12. Die organiseerders van 'n sport dinee het tafels gehuur wat die vorm van 'n kruis is. Vir elke twee tafels wat langs mekaar geplaas word, word twee sitplekke ingeboet.

1 tafel = 12 sitplekke	2 tafels = 22 sitplekke	3 tafels = 32 sitplekke

- 12.1 Voltooi die tabel. (2)




Tafels	1	2	3	5	
Sitplekke	12	22	32		102



- 12.2 Skryf 'n reël neer wat jy kan gebruik om die aantal tafels te bepaal wat vir 202 sitplekke benodig word. (1)

- 12.3 Skryf 'n reël neer om n aantal sitplekke te bereken. (1)

- 13 Wat is die waarde van Z in die onderstaande diagram? (1)




$Z =$



- 14 As = 65, dan is = _____. (1)

- 15 Die skets toon drie maniere waarop sekere voorwerpe gebalanseer kan word. Hoeveel s word benodig om die twee s te balanseer? _____ (1)



16

Omkring die korrekte antwoord.

16.1 Watter van die volgende vergelykings het dieselfde oplossing as $2x + 6 = 32$? (1)

- A $(x - 3) = 16$
- B $x - 3 = 16$
- C $x + 6 = 16$
- D $2(x + 3) = 32$


16.2 As $15 + 3x = 42$, dan sal die waarde van x die volgende wees: (1)

- A 9
- B 11
- C 12
- D 14

16.3 $\frac{1}{4}$ van x is 36. x is gelyk aan: (1)

- A 9
- B 50
- C 144
- D 40

16.4 Die onderstaande grafiek verteenwoordig die temperatuur van die water in 'n spa bad soos gemeet vanaf middag, wanneer die bad aangeskakel word tot om 7pm. Wat gebeur met die temperatuur van die water vanaf 4pm tot 5pm? (1)



Tyd na middag

- A Die temperatuur is konstant
- B Die temperatuur neem toe
- C Die temperatuur is 35°
- D Die temperatuur neem af

16.5 $\frac{2a}{3} - 3 = 7$ $a =$ _____ (1)

- A 10
- B 15
- C 3
- D 6

17 **Merk waar of vals in die blokkie:**

Die twee algebraïese uitdrukkings $2 \div x \div y$ en $2 \times x \times y$ is gelyk vir alle waardes.

(1)


Waar	
Vals	

18 Die onderstaande grafiek verteenwoordig die gegewe getalpatroon. Vergelyk die twee en beantwoord die vrae.



Patroon 1



Patroon 2



Patroon 3



18.1 Wat is die volgende getal in die patroon? 1 ; 3 ; 5 ; 7 ; 9 ; _____

(1)


18.2 Voltooi die tabel.

(2)

Invoer (patroon getal)	Uitvoer (aantal blokkies)
1	1
2	3
3	5
	7
6	

18.3 Gebruik bostaande inligting en voltooi die vloei diagram.

(3)



TOTAAL : 55 PUNTE